

PC1111116/116

Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk in die O.V.S.



SAAKGELASTIGDE: EERW. B. J. ODENDAAL.

TELEFOON 2761.

SENDINGKERKKANTOOR
KONSESSIEREGISTRASIE
SENDINGKERKARGIEF
N.G. SENDINGPERS
DIE LIGSTRAAL
BOEK DEPOT



POSBUS 1004,

BLOEMFONTEIN, O.V.S.,

Alle Korrespondensie moet gerig word aan:
DIE SAAKGELASTIGDE.

BO / EJ

9 Mei 1950.

Mnr. Alan Paton,
P.K. ANERLEY.
Natal.

Seer geagte mnr. Paton,

U brief van 5 Mei 1950 het ek ontvang en u mededeling dat u die vervolgvraagregte aan „Umafrika" afgestaan het was vir my 'n baie groot teleurstelling.

Ek mag u net meedeel dat die redakteur van „Umafrika" ~~het~~ in die eerste plek aan ons geskrywe om die bogenoemde regte op u boek aan hulle af te staan, waarop ek aan hom as volg o.a. geskrywe het: „Incidentally my comittee also decided to publish this book „Cry, die Beloved Country" as a serial in our own magazine. Originally it was intended to publish this book in Zulu, but owing to certain circumstances we decided not to do this at present but to publish it first as a serial. In this case, you will understand that we will be unable to give these rights at present."

Hierdie brief het ek op 1 Maart 1950 aan mnr. Crisp geskrywe.

Op 9 Maart 1950 - dus lank na my skrywe van 27 Februarie 1950 - hethaal mnr. Crisp sy versoek en sê o.a. „I feel I must ask you and your associates not to come to a decision against granting us such serial rights until I have had an opportunity of discussing the matter with you. I will of course come down to Bloemfontein to do this." Mnr. Crisp het nooit na Bloemfontein gekom nie.

Op 14 Maart 1950 het ek weer o.a. aan mnr. Crisp as volg geskrywe: „We have written to mr. Alan Paton, the author of the above book, but he has gone overseas and we do not know when he will be back..... It seems to me that we will have to wait till mr. Paton returns. However I see forward to a personal discussion of the matter with you. It will also be a privelege to us

in granting/.....2

in granting you every assistance in this matter which lies on our way."

Hierna het mnr. Crisp nooit weer met ons onderhandel nie, maar direk met u.

Uit bostaande korrespondensie is dit baie duidelik dat hulle aansoek om die vervolgvraagregte heelwat later as ons s'n was. Hulle aansoek moes na 14 Maart 1950 by u gekom het terwyl ons^{on} reeds op 27 Februarie 1950 gedoen is.

Die hele saak van die publikasie van u boek het ons so 'n bietjie op die verkeerde voet gevang omdat ons destyds nog nie heeltemal gereed was vir so 'n onderneming nie. Ons het slegs die saak so 'n bietjie op die langbaan geskuiwe, en vertrou dat u, wat die publikasie van die boek betref, nog by u besluit staan n.l. dat die regte daarvan aan ons behoort.

Sou u enige beswaar hê dat ons die boek in Sesotho publiseer? Ons ondervinding is dat Sesothoboeke 'n baie wyer leserskring as Zulu-boeke het.

Graag verneem ek so spoedig moontlik van u.

Baie dankie byvoorbaat,

Hoogagtend die uwe,

Bojwanda

SAAKGELASTIGDE.